

Dinsdag 17 Julie

Skrifgedeelte: Spreuke 1:1-9

Fokusgedeelte: Spreuke 1:8, 9;
Heidelbergse Kategismus 39:104

Eer jou vader en jou moeder: 'n geloofsdaad!

Elkeen van ons word gebore binne verhoudings met mense. Dit gebeur binne 'n spesi-fieke gesin, 'n dorp, 'n land, 'n ras. Hierin het jy nie 'n keuse nie. Die Here plaas jou in ver-houding met mense. Hy stel persone oor jou aan – ouers, regerings, polisie-agente, kerk-rade en nog meer.

Elkeen van hulle ontvang gesag van die Here. Die vyfde gebod sê jy moet hulle eer wat oor jou aangestel is. Ongeag wie hulle is. Die Here beskik dit so dat jy deur hulle regeer word. Hulle moet geëer word.

Hierdie woordjie “eer” is belangrik. Dit beteken jy het respek, jy tree met waardigheid op teenoor jou ouers en hulle wat oor jou aangestel is. Dit is nie altyd maklik nie. Gesags-figure is mense, en mense maak foute, maar dit beteken nie hulle moet nie geëer word nie. Dit is die mooi van die woord “eer”. Daar staan nie jy moet van hulle hou of hulle be-wonder nie, nee, jy moet hulle eer. Ook al handel hulle verkeerd. Dan moet jy reg optree. Waar ouers of ander gesagsfigure verkeerd handel, moet jy dit eervol aantoon. Op só 'n wyse dat die persoon sy waardigheid behou en dat die wil van die Here gedien word.

Deur Jesus Christus is dit vir ons moontlik om dié gebod uit te leef. Die sondige ek kan nie iemand anders eer behalwe myself nie, maar deur Jesus kan ek God die Vader eer, asook hulle wat oor my aangestel is. Dit raak elke aspek van my lewe. Die vyfde gebod is algemeen-geldend, omdat God agter elke gesagsfiguur staan.

My eerbied en gehoorsaamheid teenoor my ouers en hulle wat oor my gestel is, is dus 'n geloofsdaad, 'n vrug van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. GP (Gerben) Meijer (Vryburg/Schweizer Reneke)